Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

PrivaatsakX2038
OBERHOLZER,
2502
E-mail:
admin@dagbreek.co.za
Tel.: (018) 787 4171
Fax: (018) 787 4172
Website:www.laerskooldagbreek.co.za

1 November 2019

Geagte Ouers

Graag bring ons net die volgende sake onder u aandag:

1. **OUERVERGADERING**

   Baie dankie vir die ouers wat die Ouervergadering bygewoon het. Daar was 'n kworum ouers teenwoordig en ons kon die begroting vir 2020 goedkeur.

   Skoolgeld vir 2020 is as volg goedgekeur:

   Skoolgeld vir Graad 1 tot 7 sal R7 920.00 per jaar wees en sal betaalbaar wees op die eerste skooldag van die leerder. Dit kan egter maandeliks afbetaal word teen R720 per maand oor 11 maande. Skoolgeld is vooruit betaalbaar.

   Skoolgeld vir Graad R sal R9 350.00 per jaar wees en sal betaalbaar wees op die eerste skooldag van die leerder. Dit kan egter maandeliks afbetaal word teen R850 per maand oor 11 maande. Skoolgeld is vooruit betaalbaar.

   Ouers is geregtig op 10% afslag op die skoolgeld as die volle bedrag vereffen is voor of op 29 Februarie 2020.

   Ouers wat SASSA-toelae ontvang, is verplig om R70 per kind, per maand, vir onderrigdoeleindes te betaal.

2. **EKSAMENREëLINGS**

   Die Graad 7-leerders skryf Maandag 4 November Kuns. Dinsdag 5 November, skryf al die leerlinge van Graad 4 tot 7 SW-Geskiedenis.

   Vergewis u asseblief van die volgende reëlings rondom die eksamen:

   - Die skool sal **vanaf Dinsdag 5 November** daagliks om **13:00** sluit. Tref asseblief **vroegtydig** die nodige reëlings indien u kind van publieke vervoer gebruik maak. Vergewis u van Artikel 20(1)(f) van die Skolewet wat handel rondom skooltye.

   - Indien u as ouer, egter u kind vroeër **wil** kom uitteken na die Eksamensessie, sal die volgende reëling geld:
     - ✓ Leerlinge kan **SLEGS** tussen **10:00 en 10:30** uitgeteken word by die hekke soos hieronder gemeld word.
     - ✓ Graad 4 leerders se ouers kan hul kinders by Hek 4 uitteken en afhaal.
     - ✓ Graad 5 leerders se ouers kan hul kinders by Hek 6 uitteken en afhaal
     - ✓ Graad 6 en 7 leerders se ouers kan hul kinders by Hek 15 uitteken en afhaal.
     - ✓ Graad 1 tot 3 leerders se ouers kan hulle by hulle voogklasse uitteken.

- Reël asseblief vroegtydig met u kind, indien u hom of haar gaan kom afhaal. U kind moet dan vir u by die **regte** hek **by die onderwysers aan diens** gaan wag, totdat u hulle kom haal.
- Indien u **na 10:30** u kind kom haal, meld asseblief by die **kantoor** aan.

3. **LEERLINGRAAD 2020**

Baie geluk aan die volgende leerlinge wat op die leerlingraad vir 2020 verkies is:

Morné Ainsley	Nicole Barnard
Andru Botha	Anja Bezuidenhout
Tiaan Coetzee	Charlize Botha
Luan Jordaan	Chenique Douglas
Zander Kok	Em-Jay Fourie
Barend Mahne	Inge Grobler
Llewellyn McLeod	Cherenique Janse van Rensburg
Nickus Oosthuizen	Sue-Marie Kemp
Dillan Roodt	Chanté Lehman
Linken Steenkamp	Esmari Pieters
Shaun Steyn	Elandri Troskie
Juandré Wasserman	Nianell Wilke

Baie sterkte met die groot taak wat aan julle opgedra is.

Vriendelike groete

P.W. van Heerden

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof